# Eldo-Gespreksgids

Open. 22

Ons het die week ons "Groei Preekreeks" afgesluit met die tuin van Ewigheid, of liewers die tuin van die Nuwe Jerusalem in die hemel van **Openbaring 22:1-5**. En hierdie tuin van die hemel word beskryf in hierdie enkele 5 versies as (1) 'n plek sonder sonde, (2) sonder siekte of seer, (3) sonder honger, (4) sonder kwaad, (5) waar ons vir ewig gaan woon, (6) waar ons by God gaan wees, (7) waar ons God gaan ken, (8) waar die mens 'n herstelde verhouding met God het, (9) waar daar vrede gaan wees, en (10) waar ons vry gaan wees van enige mag of beheer – so almal gaan dieselfde status hê. Dit alles is opgesluit in hierdie paar versies. Dit voel of amper alles wat ons vandag van die hemel weet opgesluit staan in hierdie tuin van Ewigheid.

Dit is ook eintlik hierdie plek wat ons hoop gee en bly maak op dit wat kom as ons kyk na die eienskappe waarmee dit beskryf word – veral as die lewe op aarde nie so mooi en aanloklik lyk nie. Hier op aarde het ons almal 'n tuin van Getsemane – iets wat in ons lewe gebeur het of besig is om te gebeur, waar ons seer kry, waar ons "gepers" word soos die olywe by hierdie tuin. Daardie dinge (of mense) in die lewe wat voel asof dit ons takke afsny en afsaag. En dit brand. Dit is seer. En dit is in daardie tye waar ons moedeloos raak. Moeg raak. Maar dis dan waar God kom en in ons kaal gesnyde takke ons weer versorg. Wanneer Hy, ons tuinier, ons versorger is in ons tye van seer. Hy is ons baken van hoop.

En net so, is hierdie tuin van die Ewigheid in Openbaring ook 'n baken van hoop. Dit is iets waarnatoe ons kan kyk en vrede kan ervaar. Iets waarna toe ons kan uitsien en krag ontvang



om vorentoe te beweeg, want ons lewe gaan nie vir altyd so wees soos dit nou is nie. Dit gaan beter raak. So hou moed en wees sterk. Hou moed in jou tuin van Getsemane. Hou moed in jou seer wat jy nou mag ervaar. Wees sterk daar waar jy nou gesnoei word. Eendag wag daar vir ons die groot geskenk van die tuin van Ewigheid.

Maar, dit beteken ook nou nie ons moet net hier op aarde terugstaan en wag vir die hemel om te kom nie. Nee! Leef! Jy kry net een lewe, so (soos ons gesê het met die tuin van Eden) gaan voluit! Leef jou lewe! En dan wanneer jy in jou tuin van Getsemane beland of iewers so 'n oomblik ervaar, probeer om die tuin van die Ewigheid daarin te vind. Met ander woorde, probeer om die hemel op aarde te vind. Die klein goedjies wat vir jou vreugde gee. Laat dit so dan jou moed gee om vorentoe te beweeg. Laat dit 'n ampère "escape" wees van jou tuin van Getsemane.

En as jy nie so iets het nie (of die lewe raak net hopeloos te veel in daardie oomblik), onthou God is ook nog daar. Hy is daar as niks meer oor is nie. Laat God jou toevlug wees. Laat God die een wees na wie jy gaan vir hulp en moed. Bid tot Hom, praat met Hom, sing lof gesange tot Hom. Maak God jou baken van hoop en jou plek van moed. Maak God jou tuin van Ewigheid hier op aarde.

## Gespreksvrae

- Hoe sien jy die hemel? M.a.w. as jy aan die hemel dink wat kom op in jou kop?
- Hoe gee die tuin van Ewigheid ons hoop? Hoe gee dit ons moed in ons tuin van Getsemane?
- Wat is jou bietjie "hemel op aarde"? Wie is daardie persoon of wat is daardie aktiwiteit wat jou vreugde gee?
- Hoe kan ons God ons baken van hoop maak? Hoe kan ons God ons bron van moed en krag maak?

10 Augustus 2025

ELDORAIGNE FAMILIEKERK
Hiér maak JY saak